PERSVERKLARING

HESSEQUA MUNISIPALITEIT

Kontak:
Munisipale Bestuurder
Mnr. Johan Jacobs
mm@hessequa.gov.za
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

03 Augustus 2020

MOTOR REGISTRASIE DIENSTE TE RIVERSDAL OPGESKORT WEENS COVID-19 POSITIEWE GEVAL

Die Riversdal se Motor Registrasie kantoor sal vir die volgende 10 dae gesluit wees weens 'n personeel tekort nadat 'n personeellid positief getoets het vir COVID-19 en sal daar ongelukkig geen diens vanaf hierdie kantoor geskied nie. Die dienspunt te Riversdal sal weer vanaf 13 Augustus 2020 operasioneel wees.

Geen motor registrasie transaksies, hernuwing van bestuurslisensie of enige nuwe padwaardigheidsaansoeke sal hanteer word nie. Die padwaardigheid sentrum sal steeds oop wees vir enige her-toetse. Dit wil sê dat alle padwaardigheidstoetse wat voorheen afgekeur was, en steeds binne die geldigheid van die 10 dae val, wel getoets sal word.

Alle bestuurslisensie afsprake sal herskeduleer word en applikante sal gekontak word met nuwe datums. Normale werksaamhede sal egter voortgaan by die Heidelberg, Stilbaai en Albertinia Motor Registrasie dienspunte.

Volle diens sal op 13 Augustus 2020 omstreeks 08h00 te Riversdal Motor Registrasie afdeling hervat word. Die publiek word bedank vir hulle geduld in die verband.

EINDIG

Uitgereik deur
Me D Budricks
Skakelbeampte
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000
E-pos: didi@hessequa.gov.za of marina@hessequa.gov.za